RAADSBELEID

ONDERWERP : VOORUITBETAAL ELEKTRISITEITSMETERS

VERWYSING : 5.12.14

BESLUIT NR : 16.5/10/2004 DATUM : 25 Oktober 2004

BELEIDSOOGMERK : Om die gebruik, voorsiening en finansiering van vooruitbetaal elektrisiteitsmeters in die Raad se elektrisiteitsverspreiding te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad wil elektrisiteit op so 'n wyse aan kliënte voorsien dat dit beheerbaar en bekostigbaar vir die klant is en tegelykertyd die Raad se inkomste basis beskerm.

RIGLYNE

1. Dit is die Raad se voorneme om alle enkelfase residensiële elektriese aansluitings, deur middel van 'n program, na vooruitbetaal metering om te skakel.

2. Klante, wat 'n vooruitbetaal meter verlang buite die Raad se genoemde program, moet self die koste daarvoor dra en sal nie vergoed word indien die Raad later die betrokke woongebied se meters omskakel nie.

3. Vir 'n gedienste residensiële erf wat vir die eerste keer ontwikkel word en waar 'n enkelfase aansluiting verlang word, word 'n vooruitbetaal meter op Raadskoste voorsien. Die Raad voorsien slegs die meter. Die aansluiting, installering en huisbedrading is vir die ontwikkelaar se koste.

4. In die geval van gedienste erwe wat onderverdeel word vir residensiële ontwikkeling, word slegs die restant, indien dit vir die eerste keer ontwikkel word, van 'n **gratis** vooruitbetaal meter, soos in paragraaf 3 bedoel, voorsien. Vir nuwe erwe wat ontstaan uit die onderverdeling, moet vooruitbetaal meters op die ontwikkelaar se koste voorsien word.

5. Vooruitbetaal meters word in alle elektrifiseringsprojekte van die Raad gebruik.

6. Vooruitbetaal metering, op koste van die klant, word ook vir nie-residensiële enkelfase aansluitings beskikbaar gestel.

7. Residensiële klante, wat van vooruitbetaal elektrisiteitsmeters voorsien is, het nie weer die opsie om na konvensionele metering om te skakel nie, behalwe as die aansluiting sodanig vergroot dat 'n driefase toevoer benodig word.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Die Raad moet jaarliks tydens die opstel van die begroting besin of daar voorsiening gemaak moet word vir die vervanging van konvensionele meters met vooruitbetaal meters en ook bepaal watter gebied se meters vervang gaan word.

2. Die Subdirektoraat Elektriese Dienste moet, by die indiening van bouplanne vir nuwe residensiële ontwikkeling op onontwikkelde erwe, die vereiste stel dat voorsiening gemaak moet word vir die installering van ‘n vooruitbetaal meter.

3 Die Subdirektoraat Elektriese Dienste moet ‘n administratiewe stelsel implementeer wat dit moontlik maak vir klante om hul konvensionele meters te vervang met vooruitbetaal meters, indien hulle so verlang.

4 Die Subdirektoraat Elektriese Dienste moet tydens die beplanning van projekte toesien dat vooruitbetaal elektrisiteitsmeters in alle elektrifiseringsprojekte van die Raad gebruik word.

5 Die Subdirektoraat Elektriese Dienste moet toesien dat koste toedeling korrek gedoen word in die geval van onderverdelings.

ROLLE

Subdirektoraat Elektriese Dienste se Metering Afdeling.

VERWANTE BELEID

Geen.

HERROEPING/WYSIGING

Dat alle vorige besluite in hierdie verband herroep word.